

## **SARS PERSVERKLARING**

**15 Junie 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van die onlangse aantyging, wat in die pers en op sosiale media gemaak word, dat die kommissaris van SARS 'n direkteur is van 'n maatskappy wat deur President Ramaphosa besit word. Daar word beweer dat SARS daarom stilbly oor President Ramaphosa se belastingsake. Daar word verder beweer dat die kommissaris 'n oproep om hulp van President Ramaphosa ontvang het en dat, volgens die bron, die kommissaris die versoek geweier het.

Kommissaris Kieswetter is nie, en was nog nooit, 'n direkteur van enige maatskappy wat deur President Ramaphosa besit word nie.

Toe mnr. Kieswetter kommissaris geword het in Mei 2019, het hy al sy direkteurskappe laat vaar ter goeie staatsbestuur.

Mnr. Kieswetter hou ten volle by sy openbare onderneming om sy persoonlike sake te bestuur op 'n wyse wat publieke vertrouwe skep, en sal so volhard.

Die onlangse aantygings is dus nie net foutief nie, maar ook onderduims in 'n poging om valsnuus te koppel oor die kommissaris se beweerde direkteurskap aan SARS se verpligting om belastingpligtige vertroulikheid te behou.

Die waarborg van vertroulikheid van belastingpligtige-inligting, is wat belastingpligtiges kry teenoor die dwang om volledige inligting aan SARS te verskaf. Sonder die statutêre waarborg van vertroulikheid, kwyndie verwagting dat die belastingpligtige openhartig en akkuraat met SARS sal wees. Hierdie wetlike beleid tussen SARS en belastingpligtiges is die fondasie van ons belastingstelsel, waarsonder SARS nie behoorlik kan funksioneer nie. Die wet is baie duidelik in die omskrywing van hierdie voorwaardes ingevolge waarvan die kommissaris en enige SARS-beampte belastingpligtige-inligting mag bekend maak. SARS sal die wet te alle tye nakom.

Die kommissaris het nie 'n oproep van President Ramaphosa ontvang, soos wat beweerd word, nie. Die kommissaris is ook nie persoonlik betrokke by enige belastingpligtige se belasting sake nie. SARS wil benadruk dat dit volhard in die uitoefening van sy mandaat met alle belastingoortredings sonder aansien des persoons.

Vir meer inligting, kontak [SARSmedia@sars.gov.za](mailto:SARSmedia@sars.gov.za).